

Saak Nr 284/83.

MC

WILFRED LEON VISSER

- en -

DIE STAAT

JANSEN AR.

Saak Nr 284/83
MC

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen

WILFRED LEON VISSER Appellant

- en -

DIE STAAT Respondent

Coram: JANSEN, MILLER et NICHOLAS ARR.

Verhoor: 16 Februarie 1984.

Gelewer: 9 April 1984.

U I T S P R A A K

JANSEN AR:-

Die appellant is in die Oos-Kaapse
Afdeling van twee gevalle van poging tot verydeling
van die regspleging (met sekere alternatiewe)
aangekla. Hy het t.o.v. die eerste aanklagte
onskuldig gepleit maar skuldig t.o.v. die tweede
aanklagte. Hy is egter op albei aanklagtes skuldig
bevind en hy is twee samelopende vonnisse van 3 jaar
en 5 jaar onderskeidelik opgelê. Van lg. is egter
twee jaar vir 5 jaar opgeskort op voorwaarde dat hy
nie binne daardie termyn aan 'n misdaad van oneerlik=
heid skuldig bevind word en tot gevangenisstraf

sonder /

sonder die opsie van 'n boete gevonniss word nie.

Met verlof van die verhoorhof kom hy teen die skuldigbevinding op die eerste aanklagte en ook die vonnisse in hoër beroep.

Ten tyde van die verhoor was die appellant 42 jaar oud. Hy het van kindsbeen die ideaal gehad om landdros te word en op 18 jarige leeftyd het hy by die landdrosafdeling van die Departement van Justisie aangesluit. Hy het aanvanklik as aanklaer opgetree maar het ook na 1962 op 22-jarige ouderdom ondervinding op die regbank opgedoen en vanaf 1965 het hy voltyds as landdros gedien. As sodanig het hy op verskeie plekke in die

Republiek diens gedoen. In 1976 is hy verplaas na Kirkwood en hy het hom daar met sy vrou en twee kinders (n seun en dogter, ten tyde van die verhoor onderskeidelik 14 en 15 jaar oud) gevestig. In 1980 het hy die geleentheid gehad om hom te laat toets vir bevordering tot streeklanddros maar hy het dit nie benut nie. Die volgende jaar het hy hom wel aan die toets onderwerp. Hy het nie geslaag nie, maar is "hertoetsbaar" bevind. In 1982, toe hy reeds bykans 25 jaar by die landdrosafdeling werksaam was, het hy weer probeer. In Februarie het hy n teoretiese kursus geloop en

vanaf /

vanaf 1 Maart tot 31 Julie het hy as tydelik
 streeklanddros op proef in die Streekhof op
 Port Elizabeth gedien. Die aanklagtes teen
 die appellant vloei voort uit twee van die sake
 wat deur hom in dié tyd verhoor is en waarin
 hy skuldigbevindings uitgebring het, nl. Staat
 v Sanile Sifuba en Staat v Feti Nomarwayi en
 twee ander. Eg. is op 7 Mei 1982 afgehandel en
 lg. op Vrydag 9 Julie 1982. In beide gevalle het
 die appellant n ex tempore uitspraak gelewer, is
 mettertyd appèl aangeteken en het die dame belas met
 die administratiewe hantering van appèlle, mev.

Dickson /

Dickson (die klerk van die Streekhof), die vyf .
eksemplare van die betrokke notule wat sy van
Lubbe Opnames (Eiendoms) Beperk verkry het, aan
die appellant besorg met die oog op die verskaffing
van verdere redes deur die appellant. Die
appellant het elk van die twee stelle notules in
sekere opsigte gewysig en hulle in die gewysigde
vorm aan mev. Dickson laat toekom. Volgens haar
normale prosedure het mev. Dickson daarna uit elk
van die (gewysigde) stelle 3 eksemplare aan die
Griffier van die Hooggeregshof en 1 aan die Prokureur-
generaal gestuur en self een behou. Die wese
van die /

van die Staat se saak teen die appellant is dat hy met die wysiging en die besorging van die eksemplare aan mev. Dickson in beide gevalle onregmatiglik "gepoog het om die behoorlike beregting van die genoemde [strafsake] op appèl te beïnvloed". Die appellant het nooit ontken dat hy wel wysigings aangebring het nie. Sy pleit van onskuldig t.o.v. die eerste aanklag het op ander gronde berus. Trouens, voor skuldig= bevinding het hy self geen getuienis afgelê nie en geen ander getuienis oor die meriete is ten behoewe van hom op daardie stadium voorgelê nie.

Die /

Die eerste aanklagte (t.o.v. Sifuba se
saak) het betrekking op 'n enkele wysiging wat die
appellant in die betrokke eksemplare aangebring
het. Die oorspronklike bl. 47 het soos volg
gelui:-

"You don't ask me questions.

COURT: How were they fighting? ---

With fists, hitting each other.

MR KAPLAN: Are you sure of that? --- Yes.

Alright, they were hitting each other
with fists and then, what happened? ---
It was then that I intervened and I
said, 'You are old enough, you cannot do
such a thing.'

And then the accused said that you are
always intervening? --- Yes.

Now do you always intervene? ---
But it is not a very good thing witnessing
old people fighting.

COURT: Yes, but just yes or no.

Just yes or no? --- If a person is known to me I do it.

MR KAPLAN: Now have you often intervened between the complainant and the accused?

--- No.

How many times have you intervened between them? --- Did I not say that it was the first time that I saw him. I saw him for the first time.

COURT: Ag no, man, you must stop with that attitude of yours. You are here to answer questions and if I get another answer of yours like, I am going to punish you for contempt of Court. Do you understand me? We are not here all day to listen to your nonsense! ---- Repeat the question.

MR KAPLAN: You often intervened between the accused and the complainant? --- No.

Now was there an argument between the complainant, the accused and the complainant inside the house? --- They did nothing in the house, because everything was outside.

Did you hear the accused come into the house and say to the complainant that she must come with him? --- That I heard outside. You heard that outside? --- Yes, that was then that the complainant

Die /

Die appellant het die onderstreepte gedeelte met
die volgende vervang :-

"COURT: You must stop this aggressive attitude of yours, towards the attorney. He is an officer of the Court and his questions are aimed at establishing the truth. Do you understand! --- Repeat the question please."

Die getuie aan die woord is ene Tembane, wat deur die beskuldigde, Sifube, se prokureur aan kruis= ondervraging onderwerp word. Tembane is deur die appellant in sy ex tempore uitspraak bestempel as "by uitstek die beste getuie in hierdie saak [hy] het nie alleen met die uiterste

selfvertroue getuig nie, maar was ook onwrikbaar tydens kruisondervraging". Dit is duidelik volgens die uitspraak dat die getuie se "voorkoms en houding" by dié beoordeling 'n rol gespeel het.

As deel van sy saak het die Staat o.a. 'n skriftelike verduideliking van die wysiging, op 25 November 1982 deur die appellant aan die Streekshofpresident gemaak, laat inhandig. Dit lui soos volg :-

"Met spyt moet ek toegee dat ek wel die paragraaf op bladsy 47 van die oorkonde gewysig het. Die rede hiervoor is tweeledig van aard.

Eerstens was ek self geskok toe

ek /

ek die oorkonde deurlees en besef dat dit 'n uiters ongevraagde en onbetamlike uitlating was wat ek nou na heldere oordenke betreur en tweedens dat ek inderwaarheid skaam was dat só 'n uitlating op die oorkonde moes verskyn. Ek kan slegs my kop in skaamte laat hang en dit betreur.

Laastens wil ek, vir wat dit werd mag wees, verduidelik waarom die uitlating gemaak was. Soos u sal merk, het die prokureur 'n vraag gestel en voordat die getuie 'n antwoord verstrek het, het die gewraakte uitlating na vore gekom. Ek is, tot my spyt, daartoe in staat om tot 'n groot mate die Xhosa-taal te verstaan en indien my geheue my nie in die steek laat nie, het die getuie, soos ook op twee of drie vorige geleenthede, uitlatings gemaak tot die effek dat hy nie die nodigheid kan sien om die prokureur se vrae te beantwoord nie, weens die feit dat hy reeds sy weergawe van die gebeure verstrek het.

Hierdie /

Hierdie dele is natuurlik nie vertolk
nie.

Op die stadium toe die uitlating
gemaak was, was dit in die druk en
spanning seker een te veel en het die
uitlating gevolg.

Dit spyt my en ek vra om vergifnis."

Oor die aard van die wysiging deur die
applikant in die betrokke eksemplare van die notule
aangebring, sê die verhoorhof die volgende:-

"Die kontras tussen die oorspronklike
passasie en die veranderde passasie is,
om die minste te sê, opvallend. Hierdie
veranderde passasie is 'n afgewaterde
weergawe en na my oordeel verskil dit
wesenslik in sekere belangrike opsigte
in vergelyking met die oorspronklike
passasie. Ons let daarop dat in die

oorspronklike /

oorspronklike passasie niks genoem word van 'n 'aggressiewe houding' of 'an aggressive attitude' teenoor die prokureur nie, en verder skep hierdie gewysigde passasie die indruk dat die opmerkings bedoel is en daarop gemik is, om die prokureur wat besig is om die kruisondervraging waar te neem, te beskerm. Die oorspronklike passasie maak hierdie bedoeling sekerlik nie duidelik nie. Verder, en wat myns insiens belangrik is, word daar in die wysiging geen melding gemaak van die feit dat die landdros dit oorweeg om hom te straf vir minagting van die Hof nie, ook nie van wat die landdros bedoel het deur te sê, 'We are not here all day to listen to your nonsense'. Dit is namens die beskuldigde betoog dat daar geen werklike verskil bestaan tussen die inhoud van die twee passasies nie, en dat daar in die oorspronklike passasie geen aanval is op die getuienis van die getuie nie. Ná noukeurige oorweging van die passasies,

en /

en nadat ek hulle noukeurig vergelyk het, is ek van oordeel dat hierdie argument nie aanvaarbaar is nie.

Die oorspronklike lees, in die verband van die notule as 'n geheel, as 'n spontane uitbarsting van die landdros. Dit is nie die geval met die wysiging nie. Die oorspronklike skeep die indruk dat die getuie se gedrag in die getuiebank so laakbaar was dat dit amper neerkom of moontlik kon neerkom op minagting van die Hof, waarvoor hy summier deur die landdros gevonnissen kon word. Die wysiging skeep seersekerlik nie hierdie indruk nie. Dit is 'n kwessie van graad. Althuis waarvan direkte betrekking het op die gedrag en die voorkoms van die beskuldigde in die getuiebank, wat van besondere belang is in die beregting van 'n saak op appèl. Die verhoorregter se indrukke en sy bevindings ten opsigte van, soos in die Engelse woord genoem word, 'demeanour', die houding en gedrag van die beskuldigde in die getuiebank, is van uiterse belang,

sover /

sover as die Appèlregters in die Appèlhof
aanbetref.

Die oorspronklike skep die sterk indruk
dat die getuie onbevredigend antwoord op
die vrae wat gestel word. Dit is moeilik
om te verstaan, soos ek gesê het, wat
bedoel het met die woorde 'We are not here
all day to listen to your nonsense', maar
die afleiding kan gemaak word dat die
getuie besig was om tyd te verspil, deur
sy antwoorde, moontlik ontwykende antwoorde,
maar onbevredigende antwoord, op die
gestelde vrae. Hierdie indruk word nie
geskep in die wysiging nie. Al wat die
wysiging op neerkom is om die getuie te
beskuldig dat hy 'n aggressiewe houding
inneem teenoor die prokureur. Dit beteken
nie noodwendig dat hy hom blootstel aan
straf vir minagting van die Hof nie, of
dat hy noodwendig besig was om tyd te
mors nie, of dat sy gedrag so erg van
aard was dat die voorsittende landdros,
hom summier kon straf daarvoor nie.

Dit is in hierdie verband ook opvallend

dat /

dat die beskuldigde self die uitlatings beskrywe as ongevraagd en onbetaamlik, en dat dit tot 'n mate sy motief was om dit te wysig. Na my oordeel druis die oorspronklike passasie in op die geloofwaardigheidsbevindings in die uitspraak self. Hierdie passasie openbaar 'n spontane evaluering van die getuie en sy gedrag in die getuiebank, wat nie strook met die bevindings in die uitspraak nie. Die edele regters wat die appèl verhoor het, was na my oordeel daarop geregtig om die onveranderde passasie voor hulle te hê vir beregting van die appèl, veral gesien in die lig van die landdros se bevindings oor die geloofwaardigheid van hierdie getuie, Tembane.

Die wysiging wat aangebring is, ontnem uit die oorkonde 'n relevante element in die beregting van die saak, wat betrekking het op die evaluering van die getuienis van 'n getuie, op wie se getuienis die landdros sterk gesteun het vir sy uitspraak en bevinding. Na my oordeel kon dit

regsverydeling veroorsaak het, en na my oordeel derhalwe kom dit neer op 'n poging tot regsverydeling.

Die verhoorhof wys dan daarop dat toe die appellant die wysiging aangebring het, hy reeds functus officio was en dat die wysiging onregmatig geskied het. Die hof gaan dan voort.

"Dit is ook duidelik uit die getuienis dat die beskuldigde wel die nodige mens rea gehad het, wat 'n essensiële element is van die misdaad, hom ten laste gelê. Hyself het nie getuienis gegee nie, en derhalwe kon enige bewering dat hy nie die nodige bedoeling gehad het nie, nie getoets word deur kruisondervraging nie.

Na my oordeel het hy doelbewus opgetree toe hy die passasie verander

het /

het, en dat hy moes geweet het dat dit betrekking gehad het op sy evaluasie van die getuie Tembane en Tembane se geloofwaardigheid, en dat dit regsverdeling tot gevolg kon gehad het. Soos blyk uit die gewysdes is dit van uiterste belang, en ek het dit alreeds beklemtoon, dat die Appèlregters staatmaak en staat behoort te kan maak op die geloofwaardigheidsbevindings gebaseer op die houding en gedrag van 'n beskuldigde in die getuiebank. Die kontras tussen die landdros se bevindings, soos op bladsy 93 van sy uitspraak verskyn, en die onveranderde passasie, soos dit op bladsy 47 van die oorkonde verskyn, is so opvallend dat enige ander voorsittende beamppte, en veral die Appèlregters wat die appèl moes aanhoor, onmiddellik sou gevra het, hoe kon die landdros in die geval van die enkelgetuie Tembane soos hy hom beskryf het, so 'n bevinding maak in die lig of gesien in die lig van wat hy op bladsy 47 van die getuie gesê het,

te wete /

te wete dat sy getuienis en sy gedrag so onbevredigend was dat dit moontlik neerkom op minagting van die Hof.

Die landdros gee dan ook toe in die brief wat hy aan mnr. Steyn voorgelê het, in sy verduideliking aan mnr. Steyn, dat hy geskok was deur die ongevraagde en onbetaamlike uitlating wat deur hom gedoen is gedurende die loop van die verhoor. Hy moes derhalwe geweet het dat toe hy die verandering gemaak het, dit sou indruis op die moontlike bevindings wat die Appèlregters sou kon gemaak het na aanleiding van die lees van die oorspronklike onveranderde passasie.

Na my oordeel, derhalwe, is die voorvereistes vir skuldigbevinding soos in die omskrywing van die misdaad, bewys deur die getuienis in hierdie saak. Dit is 'n geval waar die appèl [d.w.s. Sifube s'n] wel afgewys is [en die Staat gee toe dat dit tereg afgewys is]; dit is nie nodig om op die redes daarvoor op hierdie stadium in te gaan nie. Dit is nodig

verder /

verder om net daarop te let dat
 namens die beskuldigde is dit betoog
 dat hierdie verandering nie 'n
 verandering van getuienis was nie.
 Na my oordeel strek die misdaad
 om ander gevalle te dek waar daar
 ook regsvertydeling kan wees, maar dit
 het in hierdie mate te doen met
 getuienis in die sin dat dit die
 evaluering van getuienis deur die
 landdros affekteer, en dat dit 'n poging
 is om 'n misleidende blik te gee van die
 spontane evaluering wat hy gemaak het
 gedurende die verloop van die verhoor
 om te strook met wat hy in sy uitspraak
 gesê het, waar hy breedvoeriger die
 saak van die gedrag van die getuie in
 die getuiebank behandel."

Die verhoorhof vind die appellant derhalwe skuldig

op die eerste aanklagte.

Oor die presiese grense en aard van die

misdaad /

misdaad "verydeling of belemmering van die
 regspleging" kan daar verskil van mening bestaan,
 poging en
 asook oor die skeidslyn tussen ^{voltooide} misdaad,
 en die benadering tot ondeugdelike poging sal wel
 ook 'n rol speel. Hierop hoef egter nie nou
 ingegaan te word nie. Dit is duidelik dat dié
 misdaad, of 'n poging daartoe, nie sonder die nodige
 opset kan geskied nie. In die lig van die
 bewoording van die aanklagte sou dit in die
 onderhawige geval beteken die opset "om die
 behoorlike beregting van die genoemde strafsak
 (nl. Sifuba se saak) op appèl te beïnvloed".
 En op grond van die vraag of die Staat daardie

opset bo redelike twyfel bewys het, kan oor die skuldigbevinding van die appellant op die eerste aanklagte uitsluitel gegee word.

Die verhoorhof se bevinding dat die appellant met die aanbring van die wysiging wel dié opset gehad het, berus grootliks op die hof se beskouing dat die appellant se uitlating tydens die verhoor van Sifuba neergekom het op " 'n spontane evaluering van die getuie en sy gedrag in die getuiebank" wat indruis op die geloofwaardigheidsbevindings in die uitspraak self. Dié beskouing is egter aanvegbaar. As gekyk word na mnr. Kaplan se kruisondervraging voor die betrokke uitlating

deur /

deur die appellant, is dit heel duidelik dat die
getuie Tembane irriterend en parmantig teenoor
die prokureur was :-

"CROSS-EXAMINATION BY MR KAPLAN:

Now when you were in the house, was the
complainant also in the house when you
arrived there? --- Yes, when I arrived
there, the complainant was in the house.

Alright, so what did you go and do
at the house? --- That is a shebeen, I
went there to drink.

Right. Did you have a drink? --- No.

Now while you say you were in the
house, the accused arrived there? ---
Whilst I was in the house he arrived.

And he asked for the complainant? --- Yes.

The complainant was in the house? ---
She was outside.

Outside in the yard or--? --- Because
this fight started in the backyard.

So /

So when the accused arrived, the complainant was not in the house? --- No, she was not in the house.

I thought you just told us that she was in the house? --- No.

But you told us that ? --- Didn't I say in my evidence-in-chief that the accused came in the house, he asked for the complainant and a young girl said the complainant is outside. Did I not say that?

I am not asking you about that. I am just asking you now when the accused arrived there, was the complainant in the house and you said yes? --- No. No, I said I arrived there, the complainant was in the house, but when the accused arrived there, the complainant was outside.

Your Worship, I think that the witness in reply to my question said to me that when the accused arrived the complainant was in the house.

.....
.....

So you then went outside and you saw

the /

the complainant and the accused arguing with each other? --- Yes.

Now were they doing anything to each other, hitting each other? --- Did I not say from the start that they were fighting?

You don't ask me questions.

COURT: How were they fighting? --- With fists, hitting each other.

MR KAPLAN: Are you sure of that? --- Yes.

Alright, they were hitting each other with fists and then, what happened? --- It was then that I intervened and I said, 'You are old enough, you cannot do such a thing'.

And then the accused said that you are always intervening? --- Yes.

Now do you always intervene? --- But it is not a very good thing witnessing old people fighting.

COURT: Yes, but just yes or no. Just yes or no? --- If a person is known to me I do it.

MR KAPLAN: Now have you often intervened between the complainant and the accused? --- No.

' How many /

How many times have you intervened between them? --- Did I not say that it was the first time that I saw him. I saw him for the first time.

COURT: Ag no, man, you must stop with that attitude of yours"

Die uitlating van die appellant het gekom na die

vierde "did I not say". Klaarblyklik is dit

hierop wat die appellant gereageer het. (En dit

is opvallend dat na die appellant se waarskuwing,

die getuie daarmee opgehou het.) In die lig

van wat die uitlating voorafgegaan het, is dit dus

moeilik om die uitlating self as 'n spontane

evaluasie van die getuie te besien - dit is eerder

'n uiting van ongeduld. As sodanig kan dit skaars

as strydig met die uiteindelijke konklusie van die appellant beskou word, nl. dat die getuie 'n goeie getuie was. Parmantigheid is glad nie noodwendig 'n aanduiding van ongeloofwaardigheid nie. Dit is ook opmerklik dat as die oorspronklike uitlating wel as 'n uiting van ongeduld benader word, dit strook met die skriftelike verduideliking wat die appellant op 25 November 1982 gegee het, behalwe dat hy moontlik onder 'n foutiewe indruk was dat nie alles wat Tembane gesê het, vertolk was nie.

In die lig van die voorgaande kan die wysiging deur die appellant kwalik besien word as

'n poging /

'n poging om sy uiteindelijke geloofwaardigheids=
bevindings te verstewig, en kan dit eerder beskou
word as die versagting van 'n krasse uitlating waarvoor
die appellant hom miskien geskaam het. Dit is dan
moeilik om te bevind dat dit 'n redelike twyfel blyk
dat die appellant inderdaad besef het dat die
behoorlike beregting van Sifuba se saak moontlik op appèl
nadelig getref sou kon word. (Iets wat ook inderdaad
nie geskied het nie). Op die eerste aanklagte moes
die appellant op hierdie grond onskuldig bevind gewees
het. Daar is nie voor ons deur die Staat betoog dat
die appellant op enige van die alternatiewe aanklagtes
skuldig bevind moet word nie.

Ter /

Ter versagting het die appellant self
getuig en sekere getuies geroep. Daarop het die
verhoorhof, na aanleiding van sekere sake deur hom
aangehaal, gewys op vier oorwegings by straftoe-
meting: die misdaad, die misdadiger self, die
belang van die gemeenskap en genade ("mercy").

Lg. speel egter nie enige deurslaggewende rol in
die hof se benadering nie en dit is onnodig om
nou te bespreek of dit wel as 'n afsonderlike
oorweging by straftoemeting geag moet word, en
indien wel, die presiese inhoud daarvan.

Verwysend na die aard van die betrokke

misdaad /

misdaad, sê die verhoorhof "Your crimes in the two counts were crimes of gross dishonesty, which strike at the very core of our system of administration of justice". Later voeg die hof by dat die appellant se optrede: "has brought the judicial office and especially the office held by you, into disrepute inevitably it must reflect upon the magisterial image of this country".

Meer bepaaldelik t.o.v. die tweede aanklagte word daarop gewys dat 77 wesenlike wysigings deur die appellant aangebring is, wysigings waarvan die meerendeel daartoe gedien het om die Staat se saak te versterk ex facie dié eksemplare van die notule wat voor die

hof op appèl gelê sou word, en ook om dié
eksemplare aan te pas by die ex tempore uitspraak
deur die appellant in dié saak gelewer. Die hof
beklemtoon dat vir elk van die drie veroordeeldes
daar 'n vonnis van $3\frac{1}{2}$ jaar gevangenisstraf op die
spel was. Die aanbring van die wysigings in
al 5 eksemplare was 'n berekende, moeisame en
sistematiese proses. Dit was nie gedoen op die
ingewing van die moment nie en ondanks die nood=
wendige tydsduur van die proses, het die appellant
hom nie bedink en daarvan afgesien nie. Die hof
verwerp die appellant se getuienis dat hy in
daardie stadium nie ten volle die erns van wat hy

doen /

doen, ingesien het nie.

Vervolgens behandel die verhoorhof die
appellant se persoonlike omstandighede en die rol
van die gemeenskapsbelang, soos volg :-

"Your ideals, your life-long ideals,
have been shattered, and you have sunk
to the depths of degradation. You
have suffered considerably in the esteem
in which you were formerly held. You
are a man of middle age with a wife and
children and other responsibilities.
After long service in the Department of
Justice your career is in jeopardy and
in all probability terminated with
serious consequences to you, such as the
loss of your pension rights after long
service. You have suffered since the
discovery of your crimes, great stress,
and you have lived under emotion and a

cloud /

cloud in the community in which you live and move. You have suffered considerable ill-health over a period of time, and more particularly since the discovery of the crime or the commission of the crime. You were obviously a man of considerable social conscience, who was concerned about the welfare of his fellow-man in the society in which you lived, beyond your course of duty as a magistrate. You were a faithful worshipper and servant of your church for some time. I take into account the moving tribute which was paid to you here on behalf of the Black community from the Community Council. There is furthermore the fact that you are contrite about what you have done, and that you have exhibited true remorse. I have already said that you have not sought to deny your guilt in EXHIBIT 2, although you tried unsuccessfully to explain it away.

These circumstances, this catalogue of

circumstances /

circumstances, in cumulative effect, weighs heavily in your favour, but I must go on to consider the other element, that is to say, I have to be fair to society. I refer in this regard again to S v DU TOIT 1979 (3) SA 846 at 857. It is at 857 D, and I quote:

'Die belang van die gemeenskap by 'n straf wat opgelê word, is veelledig. In sommige gevalle tree die belang na vore wanneer die gemeenskap beskerm moet word teen die gedrag van 'n bepaalde individu. In ander gevalle verdien die belang oorweging wanneer die orde en vrede in die gemeenskap ter sprake kom. In ander gevalle weer tree die belang na vore wanneer lede van die gemeenskap afgeskrik moet word. In die tyd waarin ons leef, is die misdade waaraan appellant skuldig bevind is, van so 'n aard dat die gemeenskap ter plaatse en ook te lande nie anders as besonder hewig geskok kon gewees

het /

het nie, en 'n straf ter afskrikking moet gevolglik sterk oorweeg word. Wanneer die aard van die misdaad en die belang van die gemeenskap oorweeg word, is die beskuldigde eintlik nog op die agtergrond, maar wanneer hy as strafwaardige mens vir oorweging aan die beurt kom, moet die volle soeklig op sy persoon as geheel met al sy fasette gewerp word; sy ouderdom, sy geslag, sy agtergrond, sy geestes=toestand toe hy die misdaad gepleeg het, sy motief, sy vatbaarheid vir beïnvloeding, en alle relevante faktore moet ondersoek en geweeg word.'

This is a most difficult exercise, but it seems to me that weighing your personal circumstances and the interests of society, the one against the other, a relevant factor which I have been concerned to emphasise throughout this judgment, seems to me to be that our society would be shocked and indeed probably was very shocked, by the

nature /

nature and dimension of these crimes which you have committed; crimes which I have said strike at the root of the maintenance of law and order in a civilised society, by the very State functionary who was appointed to achieve that very object, of the maintenance of law and order. It seems to me that taking all the factors into account, society in general requires of me as the one charged with expressing their disapproval of the crime committed by you to impose a severe sentence, not because it will have to be a deterrent to others who might be like-minded, but because of the high norms which our society sets in regard to a fair and just administration of justice in this country. It can never be allowed to be corrupt.

I do not wish to introduce the question of the ethnic composition of our country into the context of this case. I think it is not entirely irrelevant, but I think

that /

that the fact that we are a country with several races, composing the population, makes that duty a very heavy one in the case of a judicial officer. Society requires in those circumstances all the more that our judicial officers should be careful, fair and just in their dealings with all accused persons of all races who come before them. It seems to me that the consideration of the interests of society weigh very heavily in favour of a severe sentence."

Hierna noem die verhoorhof die oorweging van genade, haal aan uit S v Narker and Another 1975 (1) SA 583 (A) op bl. 586, en lê dan gevangenisstraf van 5 jaar op, waarvan 2 jaar opgeskort word.

Die verhoorhof het tereg die appellant se

vergryp //

vergryp in 'n baie ernstige lig besien en in sterk taal ver=

oordeel. Nietemin moet dit nie uit die oog verloor word

nie dat die appellant aan 'n poging tot verydeling van

die regsbedeling skuldig bevind is en dat dit nie

die Staat se saak was dat die betrokke beskuldigdes

inderdaad op appèl benadeel is nie trouens, dit is

moeilik in te sien hoe die wysigings waarop die tweede

aanklagte betrekking het, ongemerk sou gebly het.

Dit is heel duidelik dat Lubbes volgens hul normale

praktyk 'n eksemplaar van die oorspronklike transkripsie

behou en dat vir doeleindes van appèl faksimilees van

daardie oorspronklike aan beskuldigdes verskaf word.

So het dit dan ook in die onderhawige geval toe Feti

Nomarwayi en Andere se appèl verhoor is, dit baie gou

geblyk dat die eksemplaar waarmee die appellante se

advokaat /

advokaat werk, verskil van dié van die vervolger

en dié voor die hof. Anders as wat die Staat

nou aan die hand doen, is daar geen rede om te

aanvaar dat die appellant reeds met sy ex tempore

uitspraak enige kwade bedoelings gehad het nie.

Die foute wat in die uitspraak voorgekom het is na

alle waarskynlikheid te verklaar op grond van die

buitengewone hoë spanning wat die aard van die toets=

stelsel die vorige maande meegebring het en wat

vererger is deur die appellant se slegte gesondheid

en die nodigheid om elke werksdag heen en weer vanaf

Kirkwood per motor te ry. Die appellant se reaksie

toe hy later die eksemplare van die notule ontvang en

die vir hom onverstaanbare gebreke in die uitspraak

agterkom, was nie alleen strydig met sy bykans
25 jaar se opleiding en ondervinding nie, maar
ook strydig met sy karakter soos deur die getuies
geskets. Dit is moeilik om die indruk te vermy
dat sy morele ineenstorting minstens ten dele deur
sy slegte fisiese en geestelike toestand bevorder
is.

Die verhoorhof het ook tereg die appellant
se persoonlike omstandighede geag as 'n gewigtige
faktor wat ter strafversagting moet tel. Die
kwessie van die gemeenskapsbelang is egter minder
duidelik.

Die /

Die verhoorhof wys tereg daarop dat voorkoming (afskrikking) en rehabilitasie nie oorwegings is wat in die onderhawige geval geld nie. Die onkreukbaarheid van die regterlike beamptes in ons land word nie daargestel deur 'n dreigement van straf nie, maar vloei voort uit hul eerbaarheid en pligsbesef. Daar is geen nodigheid vir voorkoming nie - die onderhawige is 'n unieke geval. Die appellant self sal nie weer die regbank bekleed nie en ook nie die geleentheid hê om weer eens 'n misdaad soos die onderhawige te begaan nie. Die gemeenskap sal tereg diep geskok wees deur

die appellant se optrede, maar sal die gemeenskap verg dat die appellant noodwendig gevangenis toe gestuur moet word? Indien wel, sou dit bloot 'n eis om vergelding wees, 'n doelstelling by straftoemeting wat in moderne tye nie op sigself soveel soos vroeër weeg nie. (Vgl S v Falaza Khumalo en Andere, Appèlaafdeling 28 Maart 1984). Die appellant verloor as gevolg van sy vergryp die vrugte van bykans 25 jaar se diens, sy posisie, sy aansien, sy inkomste; en die enigste beroep wat hy ken na al die jare word hom ontsê. Hierdeur word reeds op ondubbelsinnige wyse kenbaar gemaak dat optrede soos dié van die appellant nie in ons regsbedeling geduld sal word nie.

Dit is nie noodwendig nodig om die hoë standarde van dié bedeling verder deur gevangesetting van die appellant te aksentueer nie. M.i. het die verhoorhof fouteer deur te veel klem te lê op die gemeenskapsbelang.

In die omstandighede volg dit uit die aard van dié fout dat hierdie Hof bevoeg is om die kwessie van straftoemeting te heroorweeg. Met inagneming van al die faktore kom dit gepas voor en ooreenkomstig geregtigheid te wees om die straf te wysig tot 3 jaar gevangenisstraf waarvan die geheel opgeskort word vir 5 jaar op voorwaarde dat die appellant nie binne daardie termyn aan 'n misdaad van oneerlikheid skuldig bevind word en tot gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete gevonniss word nie.

Die /

41.+4=45.

Die appèl slaag: die vonnis op die
tweede aanklag word dienooreenkomstig gewysig;
die skuldigbevinding en vonnis op die eerste
aanklag word teersyde gestel.

E.L. JANSEN AR.

MILLER AR.)

NICHOLAS AR.)

Sterw saam.